

<i>HOOFSTUK 3 SASSA TOELAE</i>	2
INLEIDING	2
TIPE TOELAE	2
KWALIFISERENDE VEREISTES VIR MAATSKAPLIKE TOELAE	3
<u>TOELAE VIR VOLWASSENES</u>	3
<u>KINDERTOELAES</u>	4
BEWYS VAN IDENTITEIT	5
WAAR DOEN U AANSOEK OM 'N TOELAAG?	5
PROSEDURES OM TE VOLG	5
BETALING VAN TOELAE	6
<u>BEVESTIGING VAN IDENTITEIT: PENSIOENARISSE WAT PENSIOEN BY SASSA ONTVANG</u>	6
<u>DATUM VAN DIE TOEKENNING VAN TOELAES</u>	7
BETALINGSMETODES	7
STAKING EN HERSTEL VAN TOELAE	7
VERNAAMSTE REDES VIR DIE OPSKORTING VAN TOELAE	7
HERSIENINGS	8
MAATSKAPLIKE VERLIGTING VAN NOOD	8
<u>TYDPERK VAN MAATSKAPLIKE VERLIGTING VAN NOOD</u>	8
VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE BEGUNSTIGDES	9
MIDDELETOETS	9

HOOFSTUK 3

SASSA TOELAE

(Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid)

INLEIDING

Maatskaplike hulp is 'n oordrag van inkomste in die vorm van toelaes wat deur die regering verskaf word. Welsynstoelae verwys na toelaes wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) betaal word.

Die verantwoordelikheid vir die bestuur, administrasie en betaling van maatskaplike toelaes is vanaf 1 April 2006 aan SASSA oorgedra.

SASSA is 'n artikel 3A- staatsinstelling, die gefokusde instelling wat daarvoor verantwoordelik is om seker te maak dat die regering die regte toelaag, aan die regte persoon, by 'n plek wat die gerieflikste vir daardie persoon is, betaal.

TIPE TOELAE

<u>TOELAAT TIPE</u>	<u>BEDRAG:</u>
• Ongeskiktheidstoelaag.....	R1500-00
• Ouderdomspensioen.....	R1500-00
• Ouderdomspensioen (bo 75)	R1520-00
• Oudstrydertoelaag	R1500-00
• Pleegouertoelaag.....	R 890-00
• Sorgafhanklikheidstoelaag	R1500-00
• Kinderondersteuningstoelaag.....	R 310-00
• Maatskaplike noodhulptoekenning	R1500-00 maksimum van 3 maande

LET WEL: BOGENOEMDE BEDRAE IS ONDERHEWIG AAN JAARLIKSE VERHOGINGS. HIERDIE BEDRAE IS VASGESTEL VIR 2016/2017.

VOLGENS SASSA GAAN DAAR GEDURENDE OKTOBER 2016 VERHOGINGS IN DIE TOELAES AANGEKONDIG WORD.

KWALIFISERENDE VEREISTES VIR MAATSKAPLIKE TOELAE

TOELAE VIR VOLWASSENES

OUDERDOMSTOELAAG

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;
- in Suid-Afrika woon;
- 60 jaar of ouer wees;
- Die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- nie in 'n staatsinrigting versorg of onderhou word nie;
- nie enige ander maatskaplike toelaag ontvang nie.

ONGESKIKTHEIDSTOELAAG

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;
- in Suid-Afrika woon;
- tussen die ouderdom van 18 en 59 jaar oud wees;
- 'n mediese evalueringsverslag wat ongeskiktheid bevestig, saam met die aansoek indien;
- mediese evalueringsverslag moet ten tye van die aansoekdatum nie ouer as drie maande wees nie;
- die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- mag nie 'n ander toelaag ontvang nie;
- mag nie deur 'n staatsinrigting onderhou of versorg word nie.

OUDSTRYDERSTOELAAG

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;
- in Suid-Afrika woon;
- moet 60 jaar of ouer wees;
- medies ongeskik verklaar wees;
- moes in die Tweede Wêreldoorlog of Koreaanse Oorlog geveg het;
- die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;

- mag nie 'n ander toelaag ontvang nie;
- mag nie deur 'n staatsinrigting onderhou of versorg word nie.

OPPASSERSTOELAAG

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- die aansoeker moet 'n ouderdoms-, ongeskiktheids- of oudstryderstoelaag ontvang en moet as gevolg van sy/haar gebreke/gestremdheid die voltydse versorging van 'n ander persoon benodig;
- nie in 'n inrigting versorg word wat 'n subsidie van die staat ontvang vir die sorg/behuising van sodanige bevoordeelde nie.

KINDERTOELAES

PLEEGOUERTOELAAG

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- die pleegouer moet 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;
- die pleegouer- en kind moet in Suid-Afrika woon;
- die hofbevel wat die pleegsorgstatus aandui, toon;
- die kind moet onder die sorg van die pleegouer bly;
- geen middeletoets is van toepassing nie.

SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAAG:

Die aansoeker moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;
- in Suid-Afrika woon;
- die ouderdom van die kind moet onder die ouderdom van 18 jaar wees;
- 'n mediese evalueringsverslag wat permanente en ernstige gestremdheid bevestig, indien:
 - aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
 - die sorg afhanklike kind mag nie deur 'n staatsinrigting onderhou of versorg word nie.

KINDERONDERSTEUNINGSTOELAAG:

Die primêre versorger moet aan die volgende vereiste voldoen:

- 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees;

- die versorger en die kind moet in Suid-Afrika woon;
- die kind moet na 31 Desember 1993 gebore wees;
- die aansoeker moet die primêre versorger van die kind wees;
- aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- die aansoeker mag nie vir meer as ses biologiese kinders aansoek doen nie;
- kinders tussen 7 en 18 jaar oud moet in 'n skool wees;
- die kind mag nie deur 'n staatsinrigting onderhou of versorg word nie.

BEWYS VAN IDENTITEIT

- Aansoekers wat nie 'n 13-syfer-strepie identiteitsdokument het nie of nie geboortesertifikate vir die kinders wat by die aansoek betrokke is, het nie, kan steeds vir 'n toelaag aansoek doen.
- Die inligting rakende die alternatiewe dokumente hiervoor, kan by die naaste SASSA-kantoor bekom word.

WAAR DOEN U AANSOEK OM 'N TOELAAG?

- U doen aansoek by u naaste SASSA kantoor.
- Indien u te oud of siek is om na die kantoor te reis om vir 'n toelaag aansoek te doen, kan 'n familielid of vriend dit namens u doen.
- U aansoekvorm sal in die teenwoordigheid van 'n beampte van SASSA voltooi word.
- U sal 'n kwitansie ontvang wanneer u aansoek voltooi is.
- Bewaar hierdie kwitansie - dit is u enigste bewys van die aansoek.
- U hoef nie enige geld te betaal om aansoek te doen nie.
- Indien u aansoek nie deur SASSA goedgekeur is nie, moet u skriftelik in kennis gestel word waarom u aansoek onsuksesvol was.
- U het die reg om skriftelik aansoek te doen by SASSA, vir die heroorweging van die aansoek, waarin u verduidelik waarom u nie met die besluit saamstem nie. Hierdie aansoek moet binne 90 dae van kennisgewing van die uitkoms van u aansoek aangeteken word. As u steeds nie saamstem met die uitslag van die aansoek om heroorweging nie, kan u dan binne 90 dae appelleer na die minister.

PROSEDURES OM TE VOLG

Gaan na u naaste SASSA-kantoor en neem u 13-syfer-strepie identiteitsdokument (ID) saam.

Indien u nie 'n identiteitsdokument het nie:

- moet u 'n beëdigde verklaring aflê in die standaard-SASSA-formaat in die teenwoordigheid van 'n kommissaris van ede wat nie 'n SASSA-amptenaar is nie;
- moet u 'n beëdigde verklaring voorsien deur 'n persoon van aansien (soos 'n raadslid, tradisionele leier, maatskaplike werker, dominee of skoolhoof) wat u naam en ouderdom kan bevestig

Die SASSA-amptenaar sal u vingerafdrukke neem. U sal na die Departement van Binnelandse Sake verwys word om aansoek te doen vir 'n identiteitsdokument, terwyl u aansoek verwerk word. Indien u nie 'n identiteitsdokument kry nie, sal u toelaag opgeskort word.

Die volgende dokumente word ook benodig:

- bewys van u huwelikstatus, indien van toepassing;
- bewys van woonadres;
- bewys van u inkomste en/of dividende (indien enige);
- bewys van u bates, insluitend die waarde van die eiendom wat u besit;
- bewys van u privaat pensioen (indien enige);
- drie maande se bankstate;
- indien jy gewerk het, u Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) "blou boek" of sertifikaat van ontslag vanaf u voormalige werkgever;
- indien u eggenoot binne die afgelope vyf jaar oorlede is, 'n afskrif van die testament en die eerste of finale likwidasie en distribusierekening, waar van toepassing.

BETALING VAN TOELAE

BEVESTIGING VAN IDENTITEIT: PENSIOENARISSE WAT PENSIOEN BY SASSA ONTVANG

SASSA het onlangs 'n nuwe prosedure om pensioenarisse se identiteit te bevestig, bekend gemaak:

- Ten einde bedrog ten opsigte van pensioene hok te slaan en te voorkom, het SASSA nuwe maatreëls in plek gestel om te verseker dat die betrokke pensionaris inderdaad die korrekte persoon is wat die geld ontvang en wel nog lewend is.
- Pensionarisse gaan ongeveer 3 dae voordat hul pensioen uitbetaal moet word, SASSA moet skakel om te bevestig dat die pensionaris nog leef en word daar ook 'n stemherkenningstoets gedoen.
- In gevalle waar die bejaarde nie self kan kommunikeer nie, kan 'n administrateur, byvoorbeeld 'n familielid, namens die bejaarde skakel.
- Indien 'n bejaarde nie toegang tot telefoniese kontak het nie, is daar diensverskaffers van selfone wat gratis pakkette aangebied het vir hierdie doeleindes. In die meer landelike gebiede waar opvangs dikwels 'n probleem is, is daar wel SASSA betaalpunte wat die

bejaarde kan besoek. In gevalle waar die bejaarde nie fisiek in staat is om self die kantore van SASSA te besoek nie, het SASSA onderneem om die bejaarde te besoek.

DATUM VAN DIE TOEKENNING VAN TOELAES

- Indien u toelaag goedgekeur is, sal u vanaf datum van aansoek betaal word, behalwe in die geval van 'n pleegouertoelaag.
- Die pleegouertoelaag word betaal vanaf die datum wat die kind/ers in pleegsorg geplaas is.

BETALINGSMETODES

U kan u toelaag op die volgende wyse ontvang:

- Kontantbetalings by benoemde betaalpunte wat die volgende insluit:
 - Banke, insluitend Postbank.

LET WEL

Indien u nie in staat is om die toelaag self af te haal nie, kan u 'n agent benoem om dit namens u af te haal.

STAKING EN HERSTEL VAN TOELAE

Staking van toelae

Die volgende kan die staking van 'n toelaag veroorsaak:

- veranderings in omstandighede (finansieel en/of medies);
- uitkoms van 'n hersiening;
- weiering om saam te werk wanneer 'n toelaag hersien word;
- die pleeg van 'n bedrieglike aktiwiteit of wanvoorstelling;
- waar die toelaag verkeerdelik toegeken is.

Herstel van toelae

'n Aansoek vir die herstel van 'n toelaag moet binne 90 dae na die staking daarvan gemaak word.

VERNAAMSTE REDES VIR DIE OPSKORTING VAN TOELAE

- dood;
- opname in 'n staatsinstelling;
- indien die toelaag nie vir 3 opeenvolgende maande geëis is nie;

- wanneer die tydperk van tydelike ongeskiktheid verval het;
- u nie in die Republiek van Suid-Afrika teenwoordig is nie;
- indien u nie meer 'n vlugteling is nie (alle toelaes).

HERSIENINGS

U moet enige inkomste ten tye van die aansoek verklaar. Dit is die basis waarvolgens SASSA sal besluit of u toelaag hersien moet word. U sal 'n kennisgewing drie maande voor die datum van die hersiening ontvang of die datum waarop 'n lewenssertifikaat (bewys dat u lewe) verskuldig is.

MAATSKAPLIKE VERLIGTING VAN NOOD

Maatskaplike noodhulp is die tydelike verskaffing van bystand wat bedoel is vir persone wat in sulke erge omstandighede verkeer dat hulle nie in hul eie of hul familie se mees basiese behoeftes kan voorsien nie.

Maatskaplike noodhulp word betaal aan Suid-Afrikaanse burgers of permanente inwoners of vlugtelinge wat onvoldoende middele het en aan een of meer van die volgende kriteria voldoen:

- Die aansoeker wag vir goedkeuring van permanente hulp.
- Die aansoeker is medies ongeskik bevind om werk teen betaling te doen vir 'n tydperk van minder as 6 maande.
- Geen onderhoud is van 'n ouer, kind of eggenoot wat volgens wet verplig is om onderhoud te betaal, ontvang nie en bewyse word verskaf dat pogings om dit te verkry onsuksesvol was.
- Die broodwinner is oorlede en 'n aansoek word binne drie maande van die sterfdatum gemaak.
- Die broodwinner van die gesin/familie is opgeneem in 'n inrigting wat deur die staat gefinansier word (gevangenis, psigiatriese hospitaal, staatsouetehuis of behandelingsentrum).
- Die aansoeker is geraak deur 'n ramp soos gedefinieer in die Rampbestuurswet, of die Fondsinsamelings wet, 1978.
- Die persoon ontvang nie bystand van enige ander organisasie nie.
- Weiering van die aansoek om maatskaplike noodhulp sal buitensporige nood veroorsaak.

TYDPERK VAN MAATSKAPLIKE VERLIGTING VAN NOOD

Maatskaplike verligting van noodhulp word maandeliks uitgereik vir 'n maksimum tydperk van drie maande.

'n Verlenging vir 'n verdere 3 maande kan in uitsonderlike gevalle toegeken word.

LET WEL

- Geen persoon wat 'n maatskaplike toelaag ontvang, kan gelyktydig maatskaplike noodhulp ontvang nie.
- Waar die persoon wat reeds in besit is van 'n ander maatskaplike toelaag ook die maatskaplike noodhulp ontvang het as gevolg van 'n ramp, sal die bedrag nie terugbetaalbaar wees nie.

VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE BEGUNSTIGDES

Dit is die begunstigde se verantwoordelikheid om SASSA op hoogte te hou van veranderings in omstandighede en inkomste.

SASSA het zero-toleransie vir bedrieglike aktiwiteite.

MIDDELETOETS

- In Suid-Afrika is maatskaplike hulp van 'n middeletoets afhanklik, wat impliseer dat SASSA die inkomste en bates van die persoon evalueer om vas te stel of die persoon se inkomste minder as 'n vasgestelde bedrag is.
- Hierdie middeletoets is 'n manier om vas te stel of 'n persoon kwalifiseer om 'n toelaag te ontvang, omdat toelae bedoel is vir diegene wat nie die middele het om hulself te onderhou nie. Die middeletoets wissel van een toelaag tot die volgende.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

**TOLVRYE NOMMERS VIR SASSA:
0800 60 01 60; 0800 60 10 11**

SASSA-HOOFKANTOOR

SASSA HOUSE
501 Prodinsa gebou
H/v Steve Biko en Pretoriusstraat
Pretoria
Privaat sak X55662
Arcardia
Pretoria
0083

Tel: 012 400 2000 (Skakelbord)
Webblad: www.sassa.gov.za

OOS-KAAP
SASSA Kantoor

BKB Gebou
H/v Fitzpatrick& Merino straat
Quigney
Oos-Londen
Privaat sak X9001
Chiselhurst
Oos-Londen
5200

Tel: 043 707 6300
Faks: 043 707 6481

CPS Dienssentrum

072 306 3471
072 316 2050
072 311 3028

VRYSTAAT

African Life Gebou
75 St. Andrews straat
Bloemfontein
Privaat sak X 20553
Bloemfontein
9300
Tel: 051 410 8304/5
Faks: 051 409 0862

CPS Dienssentrum

071 771 12 58
072 286 7972
082 259 8727

GAUTENG STREEK

28 Harrison straat
Johannesburg
2000
Privaat sak X 120
Marshalltown
2107

Tel: 011 241 8300
Fax: 011 241 8305

CPS Dienssentrum

078 731 5908
083 518 3152

072 311 3028

KWA-ZULU NATAL

1 Bank straat
Pietermaritzburg
3201
Privaat sak X 9146
Pietermaritzburg
3201

Tel: 033 846 3300
Faks: 033 846 9595

CPS Dienssentrum

079 780 9040
079 780 9040
079 730 2499

LIMPOPO

43 Landdros Mare
Polokwane
0699
Privaat sak X9677
Polokwane
0700

Tel: 015 291 7400
Faks: 015 291 7996

CPS Dienssentrum

072 201 3930
072 204 3637
072 208 9522

MPUMALANGA

18 Ferreira Street
Nelspruit
Privaat sak X11230
Nelspruit
1200

Tel: 013 754 9380
Faks: 013 754 9501

CPS Dienssentrum

082 701 5493

082 364 0614
082 967 2264

NOORDWES

SASSA House
University Drive
Mmabatho
2735
Privaat sak X44
Mmabatho
Tel: 018 389 4000

CPS Dienssentrum

082 344 0493
071 100 6483
076 710 0862

NOORDKAAP

95-97 Du Toit Span Road
Kimberley
8300
Privaat sak X6011
Kimberley
8300

Tel: 053 802 4900
Fax: 053 832 5225

CPS Dienssentrum

076 030 9929
076 662 1545
072 186 8095
071 416 6324

WES-KAAP

Golden Acre
Adderley Straat
Kaapstad
8001
Privaat sak X9189
Kaapstad
8000

Tel: 021 469 0200

Faks: 021 469 0260

CPS Dienssentrum

072 268 4678

072 456 7506

072 453 7858